Hoe om seremonies vir kinders te leer

Dit is gewoonlik uitputtend om paradewerk en seremonies vir kinders aan te leer, aangesien hulle aandagspan so kort is en daar soveel herhaling nodig is om elkeen ‘n geleentheid te gee. Kinders sien en ervaar ook baie keer seremonies as ‘n lys van instruksies en aksies waarvan die bedoeling nie altyd duidelik is nie (veral aangesien hulle spanlede dit baie keer nie behoorlik uitvoer nie).

Aangesien kinders so visueel ingestel is en hou van rekenaarspeletjies en video’s, is daar besluit om die **seremonies op rekenaar** beskikbaar te stel!

Nou kan die kinders die seremonies self by die huis gaan leer! Die offisier hoef dan slegs die minimum praktiese inoefening met die span te doen.



Die volgende vier seremonies is beskikbaar as ‘n Microsoft Powerpoint vertoning:

- Vlaghysing
- Vlagstryking
- Vlagpresentering
- Vlagverwydering

Die vertonings is bloot stokmannetjies waarby animasie gevoeg is, sodat mens kan sien wat die volgorde van die bevele en die bewegings daarna is. Deurgaans is die Drawwertjies aangedui as pienk stokmannetjies, Penkoppe as blou stokmannetjies en die seremonieleier en ander offisiere as pers stokmannetjies.

? Stappe

1. Maak kopieë van die seremonies op CD vir elke lid van die span.
2. Wys die Powerpoint vertoning met ‘n skootrekenaar vir die span tydens ‘n spanbyeenkoms.
3. Wys die vertoning weer en vertel deurentyds HOEKOM dit so gedoen word. Sodra die kinders die logika verstaan onthou hulle dit ook beter.
4. Nou dat die kinders weet wat bereik moet word, demonstreer die gewone bewegings van aandag, op die plek rus, links- en regsom, omkeer, marsjeer, halt en uittree.
5. Bespreek ook hoe bevele gegee word met die regte ruspouses en klem.
6. Oefen die hantering van die vlae met vasmaak aan die pale en opvou.
7. Die kinders kry nou elkeen sy/haar CD met die opdrag om die seremonie tuis te gaan leer.
8. Oefen die seremonies nou as span waar elkeen die geleentheid kry in verskillende rolle op te tree.



☺ Wenke

1. Die Graad 7 werkboek bevat ‘n duidelike beskrywing van elke seremonie en ‘n kopie daarvan kan saam met die CD aan elke spanlid gegee word.